

Nico van Gijsen: So, jy spaar R100. Hoeveel kry Jan Taks?

24 netwerk24.com/sake/geldsake/nico-van-gijsen-so-jy-spaar-r100-hoeveel-kry-jan-taks-20260417-0865

Nico van Gijsen

April 17, 2026



Kry kundige finansiële raad voordat jy enige besluit oor spaar vir aftrede neem, want daar is meer aan beleggingsbesluite as wat jy dink, skryf Nico van Gijsen.

Ek kyk vandag na 'n paar waarhede oor spaar vir aftrede.

Aftrede is bloot 'n stadium in jou lewe wat jy gaan bereik. Jy moet fokus op die skep van welvaart. Die bou van 'n finansiële neseier sodat jy genoeg sal hê om van te leef, selfs ná aftrede.

Wat my bring by die vraag: hoe en waarin spaar jy?

'n Stukkie "finansiële raad" wat die week oor my lessenaar gekom het, was om soveel moontlik, meer as wat jy vir belasting kan aftrek, in 'n pensioen- of uittree-annuïteit te spaar. Uiteraard was die klem op die belastingvoordele. Onder meer die "voordeel" dat by jou dood,

die geld nie in jou boedel sal beland vir boedelbelasting nie.

Halwe waarhede tot algemene bog.

Belasting en pensioen- of uittree-annuïteitfondse

Die meeste lesers sal weet dat bydraes tot 'n pensioen- of uittree-annuïteitfonds aftrekbaar is vir inkomstebelasting.

Byvoorbeeld, jy spaar R100 en jou belastingkoers is 30%, dan spaar jy effektief R70 vir die R100-voordeel. Jan Taks gee die ander R30 (dit wat jy aan belasting sou afstaan) pasella aan jou. Dis 'n fantastiese voordeel en 'n moet vir almal wat spaar vir aftrede.

Maar daar is 'n perk aan hoeveel jy per jaar só kan spaar. Dit is R430 000, of 27,5% van jou belasbare inkomste, watter een ook al die minste is.

Wat as jy meer spaar?

Dit wat jy meer spaar as die aftrekbare bedrag (die R430 000 of 27,5%) kan jy in daaropvolgende jare vir belasting aftrek. En indien jy nie alles kon aftrek vóór jou aftrede nie, kan dit die belastingvrye deel van jou toegelate eenderde kontanttrekking verhoog. As daar nog oor is, kan jy die res aanwend om ingevolge art. 10(c) van die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962) 'n belastingvrye pensioen te onttrek.

Klink goed. Maar wat as jy sterf voor aftrede?

Daardie bedrag geld wat meer is as wat jy kon aftrek vir inkomstebelasting, is volgens die Boedelbelastingwet (Wet 45 van 1955) eiendom in jou boedel en as sulks onderhewig aan boedelbelasting.

Dit is net die geld wat jy kón aftrek toe jy gespaar het wat vrygestel is van boedelbelasting.

Moenie dat slimjanne jou anders vertel nie.

Artikel 37(c)

Jou geld in ander, nie-pensioenfondstipe beleggings, jou diskresionêre beleggings, val eweneens in jou boedel vir boedelbelasting.

Maar jy kan dit bemaak, of begunstig, aan wie jy wil.

Die probleem met geld in die pensioen- of uittree-annuïteitfonds is dat, hoewel jy 'n begunstigde kan aanwys, jy nie die laaste sê het nie. Die trustees van die fonds kan ingevolge art. 37(c) van die Pensioenfondswet (Wet 24 van 1956) bepaal waar jou aftreespaargeld eindig.

Die kere wat ons al moes baklei vir 'n deel van aftreefondsgeld vir naasbestaandes wys dat die trustee se mag nie ligtelik opgeneem moet word nie.

Regulasie 28

Jou blootstelling aan groeibates, byvoorbeeld aandele, eiendom en buitelandse beleggings, is beperk in 'n pensioen- of uittree-annuïteitsfonds, ingevolge regulasie 28 van die Pensioenfondswet.

Ek gaan nie al die beperkings noem nie. Wat belangrik is, is dat, veral as jy nog tyd tot aftrede het, dit vir jou belangrik is om groei te jaag. Jy wil tog die maksimum hê vir aftrede.

Dit sal dus sin maak om nie al jou geld in 'n pensioen- of uittree-annuïteitsfonds te belê nie. Dit beperk jou groeipotensiaal.

Likwiditeit

Spaar in 'n pensioen- of uittree-annuïteitsfonds tot die maksimum wat aftrekbaar vir inkomstebelasting, as jy kan. Maar nie meer nie. Om die redes hierbo.

Ja, jou geld in die pensioen- of uittree-annuïteitsfonds groei belastingvry. Selfs op die bedrag wat jy meer gespaar het as wat jy kon aftrek.

Maar in 'n pensioen- of uittree-annuïteitsfonds is jou geld vas. Dit is nie 'n likwiede belegging nie. Jy kan nie by jou geld uitkom voor jy aftree nie, gewoonlik eers op 55 of ouer.

Ja, daar is deesdae toegang ingevolge die sogenaamde tweepotstelsel om tot eenderde van jou aftreegeld te mag onttrek. Maar regtig, ignoreer dit. Dit was 'n onnosel besluit van ons regering. Los dit liever vir ander mense wat minder ernstig is oor die skep van welvaart.

Wat om te doen?

Spaar soveel jy kan ook in 'n diskresionêre belegging.

Daar het jy nie die beperkings van regulasie 28 op waarin jy belê nie. Jy kan besluit wie jou geld gaan erf as jy sterf, nie 'n trustee nie.

Ja, jy spaar met ná-belaste geld en jy betaal belasting op die groei in die belegging. Maar daarna kan jy 'n belastingvrye inkomste onttrek.

As jy in die hoër inkomstebelasting kategorie val – meer as 30% marginale belastingkoers – kan dit tot jou voordeel wees om hierdie beleggingsgeld van jou eerder in 'n polisbelegging te spaar.

Belasting word binne die polishouersfonds gehef teen 30% op inkomste en net 12% op kapitale winste.

Ná vyf jaar kan jy 'n belastingvrye inkomste onttrek, ongeag die belastingkoers wat op jou van toepassing is.

Wat meer is, is dat met 'n gewone diskresionêre belegging, jy die bemaking aan 'n naasbestaande in jou testament moet hanteer.

Met die polisbelegging is dit nie nodig nie. Jy kan bloot 'n begunstigde aanwys.

En só bespaar jy ook op die eksekuteurstarief.

Daar is meer aan beleggingsbesluite as wat jy dink. Kry kundige finansiële raad voordat jy enige besluit neem.

* Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en is 'n lid van Fisa en die FPI. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf by nico@finlac.com.

Luister hier na die podsending Politieke Rapport: